

# 'n Verkenning van regsvertaling as 'n "spesiale geval"

**A B S T R A C T** Legal translation is a complex activity which has to date received little attention in South Africa, despite the increasing demand for well-trained legal translators. This article explores the field of legal translation by considering its position in terms of different theoretical models of translation. The relation between (legal) text type and translation strategy is also investigated. In legal translation, the main focus is on two important notions, namely *legal force* and *legal equivalence*. As a consequence, any theory of legal translation must take into account the importance of these concepts. In this regard, legal translation may be regarded as a special case, which cannot be dealt with in general theories of translation. In addition, this article focuses on the problems translation students experience with the unique and distinctive characteristics of legal language, and their inability to approach the translation task methodically and systematically. In the latter part of the article, a teaching method is proposed and demonstrated, whereby the cognitive structure of a legal text is simplified. It is suggested that this method of text analysis is a useful tool in the training of legal translators.

**Keywords:** legal texts; legal translator; translation model; translation strategy; text analysis; creativity; cognitive structuring; legal force; legal effect; legal intent; legal validity

**Sleutelbegrippe:** regstekste; regsvertaler; vertaalmodel; vertaalstrategie; teksontleding; kreatiwiteit; kognitiewe strukturering; regsrag; regsuitwerking; regsintensie; regsgeldigheid

## 1. Inleiding

Regsvertaling is een van die mees uitdagende vertaalaktiwiteite vanweë die gespesialiseerde aard van die reg enersyds, en die kompleksiteit en eiesoortigheid van regstaal andersyds. Daarbenewens is daar groot risiko's en gevolge verbonde aan wanvertalings van regsdokumente soos kontrakte en testamente, wat daartoe bydra dat regsvertaling as 'n spesiale soort vertaling beskou kan word. In die oorgrote meerderheid regsdokumente, in die besonder kontrakte, word die regte en verpligtinge van die partye uiteengesit. Indien die vertaling van so 'n dokument van swak gehalte is en bepaalde wanvertalings voorkom, kan 'n regsgeeding of

verlies aan geld ongelukkige gevolge wees. Regsgevolg en -uitwerking is dus van kardinale belang in regsvertaling, wat nie noodwendig die geval in algemene vertaling is nie. Bepaalde beperkinge word dus op die regsvertaler geplaas wat vereis dat besluitnemingsprosesse met groot omsigtigheid uitgevoer moet word (Šarcevic, 2000:8).

Šarcevic (2000:1) wys daarop dat die aanvraag na goed opgeleide en bevoegde regsvertalers in die toekoms gaan toeneem as 'n regstreekse gevolg van globalisering. Asensio (2003:1) beaam dit, maar wel met verwysing na wat hy noem 'amptelike vertaling': "This kind of translation is of growing importance in the increasingly smaller world we live in." Llopis (2007:17) verwys op haar beurt ook na globalisering, die status van Engels as lingua franca en dat daar wêreldwye pogings is om veeltaligheid te bevorder en om gedeelde betekenis vir regsdokumente en verdrae te vind. Teen hierdie agtergrond is dit dus belangrik om daarop te wys dat regsvertaling in die algemeen, en die opleiding van regsvertalers in die besonder, in Suid-Afrika tot op datum bykans geen aandag ontvang het nie. Daarbenewens is daar min taalpraktisyns in Suid-Afrika wat goed opgelei is om hierdie soort vertaling te doen, heel moontlik juis vanweë beperkte opleidingsgeleenthede en die feit dat min universiteite modules in regsvertaling in kurrikula insluit. Hierdie gebrek blyk duidelik uit die gehalte van vertaling van privaat regstekste soos kontrakte en testamente (hier word spesifiek verwys na die gehalte van die Afrikaanse vertalings van pro forma-dokumente wat regspraktisyns as voorbeelde gebruik en aanpas soos nodig wanneer hulle testamente en kontrakte opstel), en soms ook selfs wetgewing.

Studente wat in die loop van hulle opleiding as taalpraktisyns vir die eerste keer met die vertaling van regstekste kennis maak, voel dikwels oorweldig en ontnugter deur die kompleksiteit van die aanbod, en swak toegerus en planloos in die wyse waarop hulle die vertaaltaak aanpak en uitvoer. Studente wat 'n module in regsvertaling volg, wat deel uitmaak van 'n Honneursprogram in Toegepaste Linguistiek aan die Universiteit van Johannesburg, is enersyds uiteenlopend wat betref eerste taal, ouderdom, lewenservaring, bedrewenheid (talig en andersins), taalkombinasie, voorkennis, wêreldkennis en algemene kennis; en andersyds, wat betref hul kennis van die reg as sodanig. Wat hierdie studente egter almal in gemeen het, is hulle aanvanklike onvermoë om regstekste taalkundig te ontleed, 'n geskikte vertaalstrategie te identifiseer en die vertaaltaak planmatig te benader.

Hierdie artikel is 'n eerste poging om die veld te verken en die soeklig op hierdie belangrike onderwerp te plaas. In die eerste gedeelte van die artikel word regsvertaling as 'n spesiale geval beskou en 'n aantal probleme word uitgelig waarmee vertaalstudente te kampe het. Dit sluit onder meer in verwarring oor 'n gepaste teoretiese raamwerk vir regsvertaling en gepaardgaande verwarring oor gepaste vertaalstrategieë, gebrek aan regskennis, die komplekse aard van die aanbod en die hoë vlakke van mediasie wat vereis word omdat die vertaalstudent min of geen blootstelling aan of ervaring van regstekste gehad het wanneer hulle met hul opleiding in regsvertaling begin. In die tweede gedeelte word die vertaalproses ondersoek en word spesifiek gefokus op 'n teksanalitiese benadering wat studente kan volg om 'n komplekse bronteks, byvoorbeeld 'n huurooreenkoms, te ontleed – die eerste fase van óf die tweefase- óf die driefasemodel van die vertaalproses (vgl. Nord, 1991).

## 2. Teoretiese raamwerk en basiese konsepte

Regsvertaling, volgens Cao (2007:10), verwys na “the rendering of legal texts from the SL into the TL”. Soos Cao (2007:9) verwys Garzone (2000) ook, met verwysing na regsvertaling, na ‘special languages’ en ‘LSP’ (dit is *language(s) for special purposes*), en wys sy daarop dat regsvertaling selfs binne ‘n LSP-raamwerk ‘n spesiale geval is. So wys Garzone daarop dat regstekste sensitief is en dat die probleme waarvoor ‘n regsvertaler te staan kom, in ‘n groot mate verskil van probleme in ander vertaaldomeine. Vertaalteoretici het uiteenlopende sienings oor die hantering van regstekste en dus is daar nie eenstemmigheid oor ‘n ‘teoretiese tuiste’ vir regsvertaling nie. Daar is diegene wat volhou dat regstekste, vanweë hul gesaghebbende aard, streng direk vertaal moet word ten einde die letter van die wet te behou en getrou te bly aan die bronteks. Ondersteuners van hierdie siening is dus van mening dat funksionele benaderings tot vertaling nie vir regsvertaling geskik is nie, omdat regstekste sensitiewe tekste is wat regshandelinge uitvoer, en bepaalde regte en verpligtinge oplê. Dan is daar ‘n verdere kompliserende faktor: daar is gevalle waar die vertaalde teks net so bindend kan wees as die bronteks en dus bepaalde (ernstige) regsgevolge kan inhou. Die keuse van vertaalstrategie word dus vooraf bepaal deur die funksie van die teks en dit is dus veiliger om te hou by streng letterlike benaderings tot regsvertaling (Garzone, 2000). Šarcevic (2000) wys daarop dat Vermeer se voorstel dat ‘n enkele kontrak op verskillende wyses vertaal kan word afhange van kommunikatiewe funksie, misleidend is en neerkom op ‘n ooreenvoudiging van die besluitnemingsproses van regsvertalers. Die belangrikste oorweging is nie *funksie* nie, maar wel die **regsreëls** wat die betrokke kontrak reguleer: “When selecting a translation strategy for legal texts, legal considerations must prevail” (Šarcevic, 2000:2). Dan is daar ander vertaalteoretici wat argumenteer dat funksionalistiese benaderings uiters geskik is vir regsvertaling (sien Garzone, 2000).

Hierdie gebrek aan eenstemmigheid oor ‘n teoretiese raamwerk vir regsvertaling bemoeilik die opdrag van die dosent en veroorsaak daarbenewens dat die student nie die vertaaltaak vanuit ‘n bepaalde teoretiese model of raamwerk kan aanpak nie. Dus word studente dikwels, as laaste uitweg, aangemoedig om alles te vergeet wat hulle tot dusver oor vertaling geleer het, omdat regsvertaling, as ‘n spesiale soort vertaling – buite die algemene of tradisionele vertaalteorie – hanteer word, maar ook skynbaar nie binne die funksionalisme tuishoort nie. Pommer (2008:360) beaam inderdaad hierdie punt wanneer sy vra: “So what is so special about legal translation that so many willingly disregard principles they have accepted for the activity of translation in general when it comes to the translating of legal texts?” Die nosie ‘ekwivalensie’ moet moontlik weer ondersoek word, maar wel met regsoorwegings in gedagte.

Alcaraz Varó (2008:95-6) wys daarop dat die konsep ‘ekwivalensie’ sentraal staan in vertaalteorie en dikwels ten grondslag lê aan die probleme wat die vertaler gereeld ervaar: “... the finding of an equal, like, similar, or analogous expression in the target language is not always attainable”. Die regsvertaler kom eweneens voor sodanige probleme te staan. Maar, volgens (Garzone, 2000), het die soeke na ‘n meer buigsame benadering tot regsvertaling gelei tot die ontwikkeling van die beginsel van regsekwivalensie wat inhou dat, benewens maatstawwe van ekwivalensie, die regsgevolge van die vertaling in die doelkultuur ook in aanmerking geneem word. Die regstekste wat volgens die beginsel van regsekwivalensie vertaal word, is dus

identiek wat betref proposisionele inhoud, regsgevolg en intensionaliteit. Hierdie beginsel maak meer dinamiese benaderings tot regsvertaling moontlik, hoewel die bronteks steeds bepalend is in die beoordeling en evaluering van die vertaalde weergawe. Dit wil dus lyk asof die konsep 'regsekwivalensie' van groot nut kan wees in die onderrig van regsvertaling en dat die verwysing na dinamiese benaderings moontlik ook funksionele benaderings kan insluit. Hieroor sê Garzone (2000:9) die volgende: "... the application of a functional approach seems especially suitable for the translation of legal texts, on account of their diversity, although it does not circumvent the problem of equivalence, but rather poses it in different terms rejecting the idea that there should be one single universally applicable concept of equivalence."

Šarcevic (2000) identifiseer op haar beurt ook drie belangrike konsepte wat na vore kom in die vertaling van regstekste, naamlik gelyke betekenis ('equal meaning'), gelyke regsgevolg ('equal legal effect') en gelyke intensie ('equal intent'), waarvan laasgenoemde die belangrikste oorweging is in die keuse van 'n vertaalstrategie. Die regsvertaler moet dus enersyds verstaan wat die woorde en die sinne beteken, maar andersyds kan regsgevolg nooit buite rekening gelaat word nie. Die regsvertaler moet dus begryp hoe dieselfde regsgevolg in die doeltaal verseker kan word sodat die teks uniforme toepassing in die praktyk het. Šarcevic (2000:5) stel dit onomwonde: "... it can be said that the ultimate goal of legal translation is to produce parallel texts that will be interpreted and applied uniformly by the courts." Schroth (1986:56) argumenteer "it is necessary for the legal translator to understand not only what the words mean and what the sentence means, but also what legal effect it is supposed to have, and how to achieve that legal effect in the other language". Garzone (2000) wat 'n groot voorstander is van die toepassing van funksionele modelle van vertaling in spesifiek die veld van regsvertaling gee toe dat sommige van die meer kontroversiële gevolge en uitvloeisels van die funksionalisme wel aangepas of selfs mee weggedoen sal moet word omdat regsrag en regsgeldigheid die swaarste weeg in die bepaling van die *skopos* van die vertaling. Die uitdaging vir die regsvertaler is juis om seker te maak dat die regsrag, regsgeldigheid en regsgevolg van 'n teks nie sal verander as 'n regstreekse uitvloeisel van die vertaling nie. En dit is juis hier waar die probleem van gebrekkige regs kennis en ervaring 'n rol speel in die opleiding van studente in regsvertaling.

### **3. Tekstipe, intertekstualiteit en vertaalstrategie**

'n Tipologie van vertaling wat dikwels gebruik word, is die klassifikasie 'algemeen', 'letterkundig' en 'tegnies'. Cao (2007:8) plaas die vertaling van regstekste in die derde kategorie, naamlik tegniese vertaling of dan spesialisvertaling. Daarbenewens onderskei Cao (2007) vier hoofkategorieë en subkategorieë van regstekste, en wel ooreenkomstig die onderwerp en inhoud van die bronteks: (i) wetstekste (*legislative texts*), byvoorbeeld nasionale en provinsiale wetgewing, verordeninge en ordonnansies; (ii) geregtelike tekste (*judicial texts*) wat deur regterlike amptenare en ander owerhede geskryf word in die loop van die geregtelike proses; (iii) akademiese tekste (metatekste) wat oor die reg geskryf word, byvoorbeeld regshandboeke en boeke oor bepaalde onderwerpe in die reg; en (iv) privaat regstekste, byvoorbeeld kontrakte, huurooreenkomste en testamente, wat deur regspraktisyns soos prokureurs, advokate en regsadviseurs opgestel word. Vir die doel van hierdie artikel is dit noodsaaklik om te wys op 'n belangrike onderskeid wat vir die regsvertaler van groot belang is en wat deur 'n aantal skrywers (onder andere Garzone, 2000; Hjort-Pedersen & Faber, 2001) bestempel word as

deurslaggewend in die keuse van vertaalstrategie: aan die een kant is daar die klas dokumente wat performatiewe of voorskrywende krag het en dus normatiewe tekste is wat gedragsreëls of norme bevat – die sogenaamde *sentences of law*, wat regsreëls skep en dus die reg uitmaak – en aan die ander kant is daar beskrywende metatekste oor die reg, byvoorbeeld handboeke, wat die regsreëls beskryf wat in bepaalde situasies geld maar wat as sodanig geen regsgeldigheid het nie. Die belangrikheid van die onderskeid lê dus in die nosie **regskrag** (Engels: *force of law*). So het performatiewe tekste ‘n streng regulerende funksie wat bindend is op die hele bevolking (byvoorbeeld wetsbepalings) of net op bepaalde partye (byvoorbeeld kontraktuele bepalinge) (Hjort-Pedersen & Faber, 2001:380). Studente moet dus ‘n grondige kennis hê van verskillende tipes regstekste enersyds; en die regskrag, regsgevolg en bindendheid al dan nie van die bronteks andersyds, ten einde ‘n gepaste vertaalstrategie te identifiseer. Die pasgenoemde onderskeid (tussen tekste met of sonder regskrag) veronderstel dus dat metatekste oor die reg, met ander woorde dié sonder regskrag, ‘vryer’ en minder letterlik vertaal kan word omdat die vertaler nie gekonfronteer word met die regsgeldigheidskwessie nie, maar dat performatiewe tekste met veel groter omsigtigheid en baie letterlik vertaal moet word: “... one of the reasons why legal translation is so problematic is that in many cases the new text will be as legally binding as the ST and have legal consequences.” (Garzone, 2000:4)

In die oorwegende meederheid gevalle het vertaalstudente, wanneer hulle vir die kursus aanmeld, egter min (indien enige) blootstelling aan en ervaring van privaat regstekste soos kontrakte en testamente, en openbare regstekste soos wetgewing. Hierdie genres, wat in ‘n wye verskeidenheid regskontekste gebruik word, is dus vir hulle totaal vreemd.<sup>1</sup> De Beaugrande en Dressler (1981) se nosie ‘intertekstualiteit’ is in hierdie verband tersaaklik. Intertekstualiteit verwys na “the ways in which the production and reception of a given text depends upon the participants’ knowledge of other texts” (1981:182). Intertekstualiteit lê ten grondslag aan die ontwikkeling van verskillende tekstipes. Elke tekstipe het bepaalde tiperende eienskappe vir bepaalde doeleindes. By die lees van ‘n teks maak die ontvanger dus staat op die feit dat die teks verteenwoordigend (‘n *token*, ‘n verwesenliking) is van ‘n onderliggende tekstipe en bepaalde ooreenkomste vertoon met ander tekste. Dit is hierdie ooreenkomste wat dan deur die ontvanger ‘geaktiveer’ word in ‘n poging om die teks te verstaan (Bell, 1991:202). Hierdie standaard of beginsel van tekstualiteit hou dus in dat die ontvanger – in hierdie geval die vertaler *as leser by uitnemendheid* – van ‘n teks vertrouwd moet wees met die (bron)teks as ‘n voorbeeld, ‘n monster, van die genre waartoe die teks behoort. Met spesifieke verwysing na vertaling, verwoord Bell (1991:206) die noodsaaklikheid hiervan soos volg: “Without the ability to recognize a text as a sample of a particular form which is itself a token of a particular type, we would be unable to decide what to do with it; we could neither comprehend nor write, nor, clearly, translate.” Vertaalstudente met min of geen blootstelling aan verskillende regstekstipes

---

<sup>1</sup> Cao (2007) tref ‘n onderskeid tussen privaat regsdokumente, ‘huishoudelike’ wetgewing en internasionale regsinstrumente/-dokumente. Privaat regsdokumente is tekste wat namens die kliënt deur die regspraktisyn opgestel word en sluit in kontrakte, ooreenkomste, testamente, aktes, volmagte, uiteensettings van eise en pleitstukke. In hierdie artikel word juis op ‘n spesifieke privaat regstekste gefokus, naamlik die vertaling van ‘n klousule van ‘n huurooreenkoms. Huishoudelike wetgewing sluit in munisipale verordeninge, provinsiale wette en nasionale wette. Dan, laastens, is daar internasionale regsinstrumente wat dikwels vertaal moet word. Dit is byvoorbeeld bilaterale verdrae, ooreenkomste (bv. betreffende die vermyding van dubbele belasting), handveste, konvensies en verbonde.

is dus nie in staat om die teks te verbind aan soortgelyke tekste nie, en 'n hoë mate van mediasie is dus ter sprake (De Beaugrande & Dressler, 1981:182).

Die implikasie van die voorgaande is dus dat 'n verkenning van en vertrouwdheid met verskillende tipes regstekste 'n onontbeerlike komponent van die kurrikulum moet wees en dat studente gewys word op die belangrikheid van 'n omsigtige ontleding en interpretasie van die bronteks om die intensie, betekenis, regsgevolg en regsuitwerking van die teks te bepaal (en meer nog, dat die vertaalde teks in sommige gevalle dieselfde regsrag kan hê as die bronteks).

#### **4. Die aard van regstaal en regsvertaling: bronne van kompleksiteit**

Regstaal word allerweë beskou as 'n 'vreemde' taal, 'n bepaalde variëteit wat slegs toeganklik is vir diegene wat opgelei is in die reg of in die regsprofessie werksaam is. In hierdie verband het Mellinkoff reeds in 1963 die volgende stelling gemaak met verwysing na wetgewing: "Laymen are certain that law language is not English. Statutes make the distinction official." Ander regstekste kan ook hierby ingesluit word, byvoorbeeld huur- en koopoooreenkomste, testamente, regulasies, pleitstukke, hoofde van betoog en regsopinies, en die verwysing na Engels in die aanhaling hierbo kan ook uitgebrei word na ander tale soos Afrikaans.

Die taal van die regering en burokrasie in die algemeen, en die taal wat in regstekste gebruik word in die besonder, is in bykans alle opsigte vreemd en eiesoortig. Regstekste bevat ingewikkelde besonderhede en hoë vlakke van inligtingsdigtheid. Die onderskeidende eienskappe van regstaal word beskryf deur onder andere Mellinkoff (1963, 1982), Tiersma (1999, 2008), Bhatia (1983, 1993), Kimble (1992), Krongold (1992) en Gibbons (2001, 2003), en veral die klassieke psigolinguïstiese studie van Charrow en Charrow (1979) oor jurie-instruksies het lig gewerp op die kognitiewe prosesseringsuitdagings wat aan lekelesers van regstekste gestel word.

Regspraktisyns beweer die komplekse en ingewikkelde uitdrukking wat in regstaal aangetref word, word genoodsaak deur die eise vir helderheid en akkuraatheid wat deur die reg gestel word. Bhatia (1993:102) wys daarop dat die regte en verpligtinge van partye tot 'n ooreenkoms duidelik, helder en ondubbelsinnig gestel moet word, aangesien dit in die mens se aard is om verpligtinge te omseil en regte onbeperk uit te brei. En dit is juis hierdie strewe na helderheid, akkuraatheid, duidelikheid en ondubbelsinnigheid wat aan regstaal 'n bepaalde berugtheid besorg het: in die besonder dan die gebruik van obskure en onduidelike uitdrukkings, omslagtigheid en langdradigheid, komplekse sinskonstruksies, argaïsmes en oënskynlik betekenislose herhalings. Maar, soos Tiersma (2008:24) tereg uitwys: "... a close examination of the language of the legal profession allows us to determine which of its features serve a legitimate function and which are more questionable." Volgens Nord (1991) (Munday, 2001:82-83) is 'n noukeurige en diepgaande ontleding van intratekstuele faktore in die bronteks, volgens watter tekslinguïstiese model ookal, belangrik en kan so 'n ontleding hoogs bruikbaar wees in die opleiding van vertalers. So 'n ontleding kom later in hierdie artikel aan bod.

Die uitdaging wat die kompleksiteit van regstaal aan die vertaler stel, is dus van wesenlike omvang. Garzone (2000:3) stel dit soos volg:

For the translator, this complexity – often bordering on obscurity – not only makes the decoding task more arduous, but in many cases also requires a real hermeneutic

effort on her/his part, far beyond the scope of the ordinary decoding and interpreting required for other kinds of translations. This is highly problematic. While legal professionals like lawyers, judges and jurists are competent in hermeneutics as part of their essential armoury of skills, it is usually not so for the translator who, in her/his interpreting efforts, is constantly at risk of overstepping the limits of her/his professional competence.

Die regsvertaler word op alle vlakke aan swaar semiotiese beperkings onderwerp. Newmark (in Pommer, 2008:361) is van mening dat regsvertaling meer beperkings inhou as enige ander vorm van vertaling. Die taal van die reg is formule-agtig en laat min variasie in vorm toe. Hierdie vaste vorme kan dus slegs vertaal word deur gebruik te maak van soortgelyke parallelle konstruksies in die doeltaal. Min ruimte bestaan oënskynlik vir enige kreatiwiteit in regsvertaling (Pommer, 2008:361-362). Die regsvertaler en die onervare student kan dus ook nie op eie taalintuïsie staatmaak nie as gevolg van die groot afwyking van natuurlikheid. Newmark (1988:25) beweer dat “in translating *any* type of text you have to sense ‘naturalness’, usually for the purpose of reproducing, sometimes for the purpose of deviating from naturalness”. Hierdie bepaling van natuurlikheid is vir die onervare student bykans onmoontlik omdat die graad van afwyking so aansienlik is.

Verdere probleme waarvoor die regsvertaler te staan kom, sluit in: (1) regsvertaling behels vertaling van een regstelsel na ‘n ander en die verskille tussen die regstelsels veroorsaak dus bepaalde probleme vir die vertaler, (ii) die verskille tussen regstelsels veroorsaak inkongruensie van regsterme en -konsepte, en (iii) die probleem van kulturele verskille: die reg is ‘n uitdrukking van kultuur, en die regsvertaler moet kulturele gapings tussen die brontaalsamelewing en die doeltaalsamelewing oorbrug. Lees meer hieroor in Garzone (2000), Cao (2007) en Pommer (2008). ‘n Module in regsvertaling moet uiteraard aandag gee aan die eiesoortige probleme wat regsvertaling skep en moontlike strategieë vir die hantering van sulke probleme aan die hand doen.

In die volgende paragrafe word enkele eienskappe van regstaal bespreek. Die bespreking fokus op sekere eienskappe, en nie *alle* eienskappe nie. Aangesien die oorwegende meerderheid regstekste in Suid-Afrika in Engels opgestel word en die bronteksentledings dus op Engelse tekste uitgevoer moet word, word hier op Engelse regstaal gefokus. Hierdie eienskappe van regstaal kan die vertaalstudent oorweldig en ontnugter. Maar, om allereers terug te keer na die kwessie van (gebrek aan) kreatiwiteit in regsvertaling waarna vroeër verwys is: indien regsvertaling beskou word as ‘n probleemoplossende aktiwiteit, wat dit inderdaad is, is daar aansienlike ruimte vir kreatiwiteit – ‘n konsep waarvoor daar oënskynlik nie ruimte in regsvertaling is nie. Pommer (2008:359) wys egter daarop dat daar ‘n sterk verband bestaan tussen probleemoplossing en kreatiwiteit. Indien die vertaling van regstekste en die aard van regstaal dus hoogs problematies is, word groot eise gestel aan die regsvertaler se kreatiwiteit: “... an increased potential for creativity in translators working at intercultural and interlinguistic frontiers[...] puts them in the favorable conditions for enhancing their ability to find creative solutions to translation problems”. Kreatiwiteit kan dus gesien word as die mate waartoe die regsvertaler in staat is om die beperkings van ‘n gegewe vertaalsituasie te hanteer, en die hulpmiddels en strategieë wat hy/sy inspan om die doel van die vertaalde teks te bereik.

#### 4.1 Sinskonstruksie en sinslengte

Die lengte van sinne in regstekste is in die algemeen, maar veral kontrakte en ooreenkomste in die besonder, uitsonderlik lank. Soos Garner (aangehaal in Hjort-Pedersen en Faber, 2001:385) dit stel: “Traditionally, lawyers have aimed for a type of ‘precision’ that results in a cumbersome style of writing, with many long sentences collapsing under the weight of qualifications.” Die doel van die kwalifikasies en voorwaardes is om vir alle gebeurlikhede voorsiening te maak sodat die reg allesinsluitend kan wees en wye toepassing kan geniet. Hoewel sinslengte op sigself nie noodwendig prosesseringsprobleme vir ‘n leser hóéf te veroorsaak nie – byvoorbeeld eenvoudige sinkonstruksies met geen newe- of onderskikking nie – plaas lang sinne ‘n las op die leser se geheue en veroorsaak lengte én komplekse sinskonstruksie (met beperkings, voorwaardes en bepalinge) probleme selfs vir gesoute regsvertalers.

#### 4.2 Nominaalkonstruksies

Regstaal word gekenmerk deur ‘n hoë voorkoms van nominaalkonstruksies: nominale is naamwoorde wat op sistematiese wyse van werkwoorde gevorm word, maar die gevolg is dikwels onvoorspelbare verandering in die betekenis. Hartnett (1998:2) wys daarop dat nominaalkonstruksies wyd gebruik word in verskillende domeine omdat hierdie soort konstruksie “organize, generalize, classify, shorten explanations, maintain group identity, and display unchallengeable authority”. Groot hoeveelhede inligting kan baie dig in die naamwoordstuk ingepak kan word, maar die nadeel is dat nominaalkonstruksies begripsprobleme vir die leser veroorsaak. Hoër leksikale digtheid is die gevolg van die hoë voorkoms van inhoudswoorde teenoor funksiewoorde. Hartnett (1998:3) beklemtoon die belangrikheid daarvan om die gebruike en veral misbruike van nominaalkonstruksies aan studente uit te wys, en dit sluit die aspirant-regsvertaler in. Voorbeelde van nominaalkonstruksies in Engels is: **dissemination and publication of information ...; a clear intention to ...; valid engagement in artistic creativity, academic, or scientific inquiry; fair or accurate reporting in the public interest, or publication of any information, advertisement or notice ...**

#### 4.3 Tegniiese en spesialiswoordeskat

Tiersma (2008:15) is van mening dat die mees ooglopende verskil tussen regstaal en gewone taal op die vlak van die leksikon is. Regstaal bevat groot hoeveelhede tegniiese woorde. ‘n Eerste probleem met spesialiswoorde is dat die betekenis van sulke woorde nie uit die konteks afgelei of uitgewerk kan word nie. ‘n Tweede probleem met tegniiese woordeskat is dat tegniiese terme van een regsgebied tot die volgende kan verskil en die regsvertaler dus ‘n oplossing vir hierdie probleem moet vind wanneer ‘n dokument uit een taal en regstelsel in ‘n ander vertaal moet word. Nog ‘n probleem is dat baie woorde in die regsleksikon beide ‘n algemene en ‘n regsbetekenis kan dra. Engelse woorde soos *damages*, *failure* en *matter* is voorbeelde van alledaagse woorde wat ook tegniiese of spesialisbetekenisse het. Tiersma (2008:16) wys op die gevaar wat sulke woorde inhou vir persone wat nie spesialiste is nie: hulle kan dink hulle verstaan die betekenis van ‘n woord of ‘n frase, waar dit nie die geval is nie. Die regsvertaler moet dus oor genoegsame kennis beskik en noukeurige navorsing doen om nie in hierdie strik te trap nie. Die regsgevolg wat kan spruit uit die gebruik van ‘n verkeerde vertaalekivalent kan verreikend wees.



#### 4.4 Doebllette, triplete en langer woordlysies

Doebllette en triplete is woorde van dieselfde kategorie wat in 'n bepaalde semantiese betrekking tot mekaar staan en deur 'and' of 'or' aanmekaar geskakel word (Bhatia, 1993:108). Daar is 'n hoë voorkoms van hierdie uitdrukkings in regstaal, wat uiteindelik neerkom op redundansie. Die gebruik hiervan veroorsaak begripsprobleme vir die leser enersyds, maar die regsvertaler kan andersyds vind dat daar nie twee of drie vertaalekwivalente, na gelang van die geval, in die doeltaal bestaan om hierdie konstruksie in die doeltteks te handhaaf nie. Voorbeelde hiervan is: *entrenched or protected; act or omission; directly or indirectly; burdens, obligations or disadvantages; benefits, opportunities or advantages; disseminate or broadcast; publish or display; fair or accurate; advertisement or notice; illustrate and emphasise; functions and powers; needs and wishes; group or class of persons; policies or practices; contravention or failure; mediation, conciliation or negotiation.*

#### 4.5 Argaiëse deiktiese woorde en komplekse voorsetsels

In regstaal is daar groot hoeveelhede outydse woorde wat verwys na 'n ander deel van die teks waarin hulle aangetref word, of wat verwys na 'n ander tyd of plek (Gibbons, 2003:41). Voorbeelde van sulke deiktiese uitdrukkings en komplekse voorsetsels is: *thereby; aforementioned; give effect to; also referred to as; to the same extent; as contemplated in; in respect of; in accordance with and in terms of or under.*

#### 4.6 Negativering

Felker *et al.* (1981:69-70) haal 'n verskeidenheid studies aan wat daarop dui dat negativering (negatiewe woorde en negatiewe sinskonstruksies) moeiliker is om te verstaan as positiewe vorme. Negatiewe woorde sluit in *no, not, never*, ensovoorts, maar affikse kan ook negatiewiteit oordra, soos *non-, dis-, un-, ex-, -less*. Sekere woorde dra implisiete negatiewe betekenis oor soos *deny, undermine, forbid, prohibit*. Volgens Felker *et al.* (1981:68) veroorsaak die gebruik van 'n enkele negatiewe vorm nie begripsprobleme nie. Prosesseringsprobleme ontstaan egter wanneer meer negatiewe vorme bygevoeg word. Vergelyk byvoorbeeld *He was **not unwilling** to help* teenoor *He was willing to help*. Dit is veel makliker om die positiewe konstruksie te verstaan en minder tyd word benodig om die betekenis te dekodeer.

'n Voorbeeld van 'n sin wat veelvuldige negatiewe vorme bevat is: *The State and all persons are bound to the Equality Act, which clearly states that **neither** the State **nor** any person may **unfairly discriminate against** any person.*

#### 4.7 Passiefkonstruksies

Volgens Gibbons (2003:166) is passiefkonstruksies veel moeiliker om te verstaan in vergelyking met aktiefkonstruksies, veral passiefsinne waar die doener van die handeling nie gespesifiseer word nie. Maar daar is inderdaad gevalle waar dit nie belangrik is of 'n verskil maak wie die agent van die handeling is nie. In sulke gevalle is dit dan juis gepas om die passiefvorm te gebruik. Charrow en Charrow (1979:1326) wys wel daarop dat passiefkonstruksies wat in ondergeskikte bysinne gebruik word, begrip belemmer. 'n Voorbeeld van 'n passiefkonstruksie is: *As South Africans, our rights are entrenched and protected by the South African Constitution and its Bill of Rights.* Dit sou ewe maklik in die aktiefvorm gegiet kon word, bv. *The South African*

*Constitution and its Bill of Rights entrench and protect our rights as South Africans.* Die gebruik van passiefkonstruksies gaan gewoonlik gepaard met 'n vermyding van persoonlike voornaamwoorde (persoonlike voornaamwoorde en die aktiefvorm gaan hand aan hand; die gevolg is 'n meer persoonlike aanslag wat die leser regstreeks by die teks betrek). In wetgewing en ander operatiewe dokumente word die passief dikwels verkies; in huurkontrakte word aktiefsinne wel meer gereeld gebruik aangesien die regte en verpligtinge van die partye (soos die huurder en die verhuurder, of die koper en die verkoper) spesifiek en onomwonde uitgespel moet word.

#### 4.8 Weglaat van betreklike voornaamwoorde en komplemente

In regstaal word betreklike voornaamwoorde (*which, who*, ens.) en komplemente (soos *that*) gereeld uitgelaat. Hierdie verskynsel staan bekend as 'whiz and complement deletion' in Engels. Tiersma (1999:13) waarsku dat die weglaat van sulke konstruksies begrip belemmer. Charrow en Charrow (1979:1323) het vroeër reeds bevind dat die weglaat van betreklike voornaamwoorde en komplemente die leser se prosesseringslading verhoog omdat grammatikale inligting ontbreek. Dit hou in dat die brein dan veel harder moet werk om hierdie inligting te herkonstrueer. Voorbeelde hiervan is: *to take measures [that have been] designed to protect ...; In such cases, the person [who is] lodging the complaint must prove that ...*

#### 4.9 Sintaktiese diskontinuiteit

Bhatia (1993:113) wys op diskontinue konstituente wat ernstige prosesseringsprobleme kan veroorsaak. Charrow en Charrow (1979:1323) verwys ook op hulle beurt na gevalle van misplaaste frases wat ingevoeg word in 'otherwise normal clauses ... so that they either break up the continuity of the clause or create ambiguity'. In die voorbeeld hieronder is die voorsetselstuk (eie beklemtoning) misplaas en in die daaropvolgende voorbeeld onderbreek die frase *what at first sight appears to be* die vloei van en kontinuïteit in die sin: die voorwerp ('a case') van die werkwoord 'make out' word uitgestel deur die misplaaste frase ('to make ... out a case'):

*Unfair discrimination on grounds of disability*

This includes:

- denying or removing **from any person who has a disability**, any facility that supports or helps them function in society; [...]

If the complainant makes out, **what at first sight appears to be**, a case of discrimination, the burden of proof lies with the respondent who must prove on the facts before the court, that either: [...]

#### 4.10 Invoeging van kwalifikasies

Die volgende voorbeeld vertoon verskeie gevalle van sintaktiese diskontinuiteit wat die gevolg is van die invoeging van veelvuldige kwalifikasies; die kwalifikasies wat die diskontinuiteit veroorsaak, bestaan uit 'n totaal van 35 woorde (my beklemtoning):

*The court may, in any proceedings in terms of or under the Act, at the request of either party or of its own accord, and if the presiding officer considers it to be in the interest of justice, appoint two persons as assessors.*

Die hoofbepaling (Engels: *main provisionary clause*) is *The court may appoint two persons as assessors*. Volgens Bhatia (1993:113) bevat die hoofbepaling enersyds die regsonderwerp, dit is die persoon of party aan wie 'n reg of 'n bevoegdheid verleen word om 'n handeling te verrig of verbied word om 'n handeling te verrig, en andersyds die regshandeling wat voortvloei uit die bepaling, dit is die aard van die reg of bevoegdheid wat aan die persoon of party verleen word. Maar, die kwalifikasies en voorwaardes verskaf die belangrike besonderhede van en spesifieke inligting oor die omstandighede waaronder die hoofbepaling geld. Volgens Bhatia (1993:111) is die hoof funksie van kwalifikasies en voorwaardes om universele toepassing te verwyder en spesifiekheid in die hand te werk. Die invoeging van hierdie kwalifikasies en voorwaardes veroorsaak egter sintaktiese diskontinuiteit (die naamwoordstuk word byvoorbeeld onderbreek) wat ernstige probleme vir die regsvertaler kan skep aangesien die lengte en kompleksiteit van die teks dramaties toeneem.

## 5. Praktiese toepassing

In beide die tweefase- en die driefasemodel van vertaling behels die eerste fase 'n ontleding van die grammatikale, semantiese en stilistiese elemente van die teks (die begripsfase). Tydens hierdie fase moet die vertaler verseker dat hy/sy die volle denotatiewe en konnotatiewe betekenis van die inligting begryp wat in die teks hetsy op eksplisiete of implisiete wyse aangebied word. Die laaste fase in beide modelle is die sintese-fase waartydens die brontekstitems in die doelteks herstruktureer word. 'n Middelfase word egter tot die driefasemodel gevoeg. Hierdie fase behels dat die betekenis van die boodskap in verband gebring word met die intensie van die doelboodskap en dan omgesit word in die doeltaal. Dit kan geskied op basis van 'n ekwivalensieverhouding tussen leksikale items of ooreenkomstig die veranderde doelteksfunksie, indien die tekstfunksie wel moet verander. Hier moet die vertaler die "vertaalplan" ten uitvoer bring, wat neerkom op die toepassing van 'n vertaalstrategie (Nord, 1991:30-32).

Die vertaler wat dus 'n huurooreenkoms moet vertaal (waarvan klousule 6 hieronder deel vorm), sal dus 'n noukeurige ontleding doen van beide die ekstra-tekstuele en die intra-tekstuele faktore van die kommunikatiewe situasie (Nord, 1991). Met verwysing na **ekstra-tekstuele** faktore sal benewens vrae oor die skrywer/sender en die leser/ontvanger van die teks, medium, plek en tyd van produksie en ontvangs, en funksie van die teks, ook die regsoorwegings wat in afdeling 2 en 3 bespreek is, oorweeg moet word: vrae wat betrekking het op regsuitwerking, regsgevolg en regskrag, en dus die status en regsgeldigheid van die vertaalde teks. 'n Ontleding van die **intra-tekstuele** faktore sal byvoorbeeld fokus op vrae oor die inhoud en struktuur van die teks, kennisveronderstellings wat gemaak word, nietalige elemente, leksikale kenmerke en sintaktiese strukture (die eienskappe van regstaal wat in afdeling 4 hierbo bespreek is).

Met verwysing na die kwessie van struktuur, is 'n ontleding van die kognitiewe strukturele organisasie van die genre 'n onontbeerlike hulpmiddel wat die vertaler kan help om die patroonmatigheid in die organisasie van regsgenres te begryp. Bhatia (1993:115) verwys in hierdie verband na 'n wisselwerking tussen die hoofbepaling en die kwalifikasies en voorwaardes wat by verskillende sintaktiese openinge in die sin ingevoeg word. Klousule 6 hieronder is beide dig en kompleks as gevolg van die invoegings van kwalifikasies en voorwaardes wat ten doel het om regsvrae te beantwoord en onsekerheid te beperk, en in hierdie verband stel Bhatia (1994:153) die volgende voor: "... it is more appropriate to think in terms of a

two-part *interactive* cognitive structure consisting of the main provisionary clause and the qualifications rather than the linear organisation of the moves as found in the case of a number of other genres”.<sup>2</sup>

### CLAUSE 6

The Tenant is responsible during the term of validity of this agreement for the proper maintenance and repair of the outside as well as the inside of all the buildings and other improvements, the property of the Landlord or the XXX<sup>3</sup>, on the leased area which is leased to the Tenant by the Landlord or the XXX, to the reasonable satisfaction of the Landlord or his nominee, and shall at the termination of occupation give back all buildings and improvements of the Landlord or his nominee in the same good condition as on the date of the commencement of this agreement, excluding reasonable wear and tear, provided that if the repairs to such improvements are necessary in order to restore them to the aforesaid condition, the Tenant may have the repairs done at his expense or may pay a sum to the Landlord or his nominee which sum is mutually agreed upon in writing or is set in the manner as determined hereunder. If the Tenant should prefer to make such cash payment then he would have to inform the Landlord or his nominee accordingly within thirty (30) days from the termination of occupation, stating the amount which he is prepared to pay. If no agreement is reached within sixty (60) days after the date of such notification of the amount which shall be paid, then the amount which shall be paid, shall be determined by an arbiter (s) designated mutually by both parties and/or failing such agreement by a competent court of law.


Die lengte, digtheid en kompleksiteit van die aanbod is aansienlik. Die klousule bestaan uit drie tipiese regsinsinne (“legal sentences”), waarvan die eerste sin 163 woorde bevat. Die tweede en derde sinne is in vergelyking veel korter, onderskeidelik 40 en 51 woorde, maar steeds veel langer as die gemiddelde sinslengte in wetenskaplike Engels wat volgens Barber (in Bhatia, 1993:106) 27.6 woorde is. Indien Bhatia se tweeledige ontleding van kognitiewe struktuur hierop toegepas word, kan dit die begripsfase van die vertaalproses grootliks vergemaklik. Bhatia (1993:115) stel voor dat “... most legislative provisions can be written and understood in terms of a two-part interactive move-structure consisting of the **main provisionary clause** and the attendant **qualifications** of various kinds, which are inserted at available syntactic positions within the structure of the main clause”. Die eerste sin van klousule 6 sou dan só ontleed kan word (fase 1 van die twee- of driefasemodel):<sup>4</sup>

---

<sup>2</sup> Bhatia (1983) stel voor dat hierdie vereenvoudigingstrategie gebruik word in kursusse soos byvoorbeeld *English for Legal Academic Purposes* as ‘n stimulus vir ‘n wye verskeidenheid taalaktiwiteite. Bhatia (1993:1994) wys hoe so ‘n tweeledige ontleding die kognitiewe struktuur van regsgenres op eksplisiete wyse kan beskryf. Die outeur van hierdie artikel het juis groot baat gevind by die gebruik van hierdie strategie om **vertaal**studente te help wat ernstige probleme met lang, digte en komplekse regstekste ervaar.

<sup>3</sup> Die naam van die staatsorgaan wat in die oorspronklike brontekste verskyn, word hier uitgelaat en deur die plekhouer “XXX” vervang, ten einde vertroulikheid te verseker.

<sup>4</sup> Bhatia (1994:153-154) beskryf ook verder die verskeidenheid en aard van die kwalifikasies en wys op die rol wat elkeen speel in die strukturering van die bepaling. So ‘n bespreking en toepassing val egter buite die bestek van hierdie artikel.



So 'n vereenvoudigingstrategie lei studente tot beter begrip van die bronteksaanbod wat hulle in staat stel om die vertaaltaak sistematies en planmatig aan te pak (fases 2 en 3 van die twee- of driefasemodel). Die vertaling word afgehandel deur die volgende drie stappe te volg:

### Stap 1: Vertaling van hoofbepaling

*Die Huurder is verantwoordelik vir die behoorlike instandhouding en herstel van alle geboue en moet alle geboue en verbeterings van die Verhuurder of sy benoemde teruggee.*

### Stap 2: Vertaling van kwalifikasies

Kwalifikasies 1 tot 8 word afsonderlik vertaal. Gedurende hierdie stap sal die vertaler uiteraard aandag gee aan die hantering van vertaalprobleme wat voortspruit uit die aard van regstaal (soos in afdeling 4 uiteengesit).

- (1) *gedurende die geldigheidsduur van hierdie ooreenkoms*
- (2) *van die buitekant sowel as die binnekant*
- (3) *en ander verbeterings, die eiendom van die Verhuurder of die SANW op die verhuurde gebied wat aan die Huurder deur die Verhuurder of die SANW verhuur word, tot redelike bevreemding van die Verhuurder of sy benoemde*
- (4) *by beëindiging van okkupasie*
- (5) *in dieselfde goeie toestand*
- (6) *as op die aanvangsdatum van hierdie ooreenkoms*
- (7) *uitgesonderd redelike slytasie*
- (8) *met dien verstande dat indien die herstelwerk aan sulke verbeteringe nodig is ten einde hulle tot die genoemde toestand te herstel, die Huurder die herstelwerk op eie*

*koste mag doen, of 'n bedrag aan die Verhuurder of sy benoemde mag betaal, welke bedrag skriftelik onderling ooreengekom en vasgestel word op die wyse hierby bepaal.*

### **Stap 3: Invoeging van kwalifikasies op gepaste sintaktiese plekke**

Die vertaler voeg nou kwalifikasies 1 tot 8 in die hoofbepaling in waar daar gepaste sintaktiese gapings bestaan:

- (1) *Die Huurder is verantwoordelik, gedurende die geldigheidsduur van hierdie ooreenkoms, vir die behoorlike instandhouding en herstel van alle geboue en moet alle geboue en verbeterings van die Verhuurder of sy benoemde teruggee.*
- (2) *Die Huurder is verantwoordelik, gedurende die geldigheidsduur van hierdie ooreenkoms, vir die behoorlike instandhouding en herstel van die buitekant sowel as die binnekant van alle geboue en moet alle geboue en verbeterings van die Verhuurder of sy benoemde teruggee.*
- (3) *Die Huurder is verantwoordelik, gedurende die geldigheidsduur van hierdie ooreenkoms, vir die behoorlike instandhouding en herstel van die buitekant sowel as die binnekant van alle geboue en ander verbeterings, die eiendom van die Verhuurder of die SANW op die verhuurde gebied wat aan die Huurder deur die Verhuurder of die SANW verhuur word, tot redelike bevrediging van die Verhuurder of sy benoemde en moet alle geboue en verbeterings van die Verhuurder of sy benoemde teruggee.*
- (4) *Die Huurder is verantwoordelik, gedurende die geldigheidsduur van hierdie ooreenkoms, vir die behoorlike instandhouding en herstel van die buitekant sowel as die binnekant van alle geboue en ander verbeterings, die eiendom van die Verhuurder of die SANW op die verhuurde gebied wat aan die Huurder deur die Verhuurder of die SANW verhuur word, tot redelike bevrediging van die Verhuurder of sy benoemde en moet by beëindiging van okkupasie alle geboue en verbeterings van die Verhuurder of sy benoemde teruggee.*
- (5) *Die Huurder is verantwoordelik, gedurende die geldigheidsduur van hierdie ooreenkoms, vir die behoorlike instandhouding en herstel van die buitekant sowel as die binnekant van alle geboue en ander verbeterings, die eiendom van die Verhuurder of die SANW op die verhuurde gebied wat aan die Huurder deur die Verhuurder of die SANW verhuur word, tot redelike bevrediging van die Verhuurder of sy benoemde en moet by beëindiging van okkupasie alle geboue en verbeterings van die Verhuurder of sy benoemde in dieselfde goeie toestand teruggee.*
- (6) *Die Huurder is verantwoordelik, gedurende die geldigheidsduur van hierdie ooreenkoms, vir die behoorlike instandhouding en herstel van die buitekant sowel as die binnekant van alle geboue en ander verbeterings, die eiendom van die Verhuurder of die SANW op die verhuurde gebied wat aan die Huurder deur die Verhuurder of die SANW verhuur word, tot redelike bevrediging van die Verhuurder of sy benoemde en moet by beëindiging van okkupasie alle geboue en verbeterings van die Verhuurder of sy benoemde in dieselfde goeie toestand teruggee as op die aanvangsdatum van hierdie ooreenkoms.*
- (7) *Die Huurder is verantwoordelik, gedurende die geldigheidsduur van hierdie ooreenkoms, vir die behoorlike instandhouding en herstel van die buitekant sowel as die*

*binnekant van alle geboue en ander verbeterings, die eiendom van die Verhuurder of die SANW op die verhuurde gebied wat aan die Huurder deur die Verhuurder of die SANW verhuur word, tot redelike bevrediging van die Verhuurder of sy benoemde en moet by beëindiging van okkupasie alle geboue en verbeterings van die Verhuurder of sy benoemde in dieselfde goeie toestand teruggee as op die aanvangsdatum van hierdie ooreenkoms, uitgesonderd redelike slytasie.*

- (8) *Die Huurder is verantwoordelik, gedurende die geldigheidsduur van hierdie ooreenkoms, vir die behoorlike instandhouding en herstel van die buitekant sowel as die binnekant van alle geboue en ander verbeterings, die eiendom van die Verhuurder of die SANW op die verhuurde gebied wat aan die Huurder deur die Verhuurder of die SANW verhuur word, tot redelike bevrediging van die Verhuurder of sy benoemde en moet by beëindiging van okkupasie alle geboue en verbeterings van die Verhuurder of sy benoemde in dieselfde goeie toestand teruggee as op die aanvangsdatum van hierdie ooreenkoms, uitgesonderd redelike slytasie: Met dien verstande dat indien die herstelwerk aan sulke verbeteringe nodig is ten einde hulle tot die genoemde toestand te herstel, die Huurder die herstelwerk op eie koste mag doen, of 'n bedrag aan die Verhuurder of sy benoemde mag betaal, welke bedrag skriftelik onderling ooreengekom en vasgestel word op die wyse hierby bepaal.*

## 6. Gevolgtrekking

Die behoorlike opleiding en voorsiening van regsvertalers aan die mark moet dringend aandag geniet. Nie net in die Engels-Afrikaans-taalkombinasie nie, maar ook in die Afrika-tale. In Suid-Afrika word wette en ander amptelike dokumente oorwegend in Engels, en *net* in Engels, beskikbaar gemaak. Du Plessis (1999:12) wys daarop dat taalpraktyk in Suid-Afrika nie veeltaligheid weerspieël nie. En dit is eweseer die geval met die beskikbaarmaking van wetgewing en beleidsdokumente in die ander amptelike tale. So word die praktyk van linguistiese en kulturele uitsluiting bevestig. Indien hierdie praktyk sigself gevestig het as gevolg van 'n gebrek aan goed opgeleide regsvertalers, moet die gapings, struikelblokke en tekortkomings wat in die pad staan van die opleiding en benutting van regsvertalers dringend uit die weg geruim word.

Regsvertaling is 'n hoogs gespesialiseerde vertaalaktiwiteit en 'n groot hoeveelheid faktore moet hierby in aanmerking geneem en verreken word. Soos aangedui, moet die nosie 'regsekwivalensie' in regsvertaling die swaarste weeg in die bepaling van die *skopos* van die vertaling en moet die vertaalstrategie wat die vertaler kies nie die regs-krag, regsgeldigheid en regsgevolg van die bronteks aantast of verander nie. 'n Deeglike teksontleding van die kognitiewe struktuur van die bronteks kan die begripsfase van die vertaalproses grootliks vergemaklik en verseker dat regsekwivalensie in die doelteks gehandhaaf word. Die vereenvoudigingsmetode wat hierbo prakties toegepas is, is 'n kragtige onderrighulpmiddel wat met groot vrug in die klaskamer aangewend kan word in die opleiding van regsvertalers.

Regstekste word al vir eeue lank vertaal, en wel baie suksesvol vertaal, in verskillende tale, kulture en oor verskillende regstelsels heen. Die uitdagings is miskien groter as in ander vertaaldomeine, maar dat dit wel gedoen kan word, blyk uit die feit dat daar 'n groot hoeveelheid regstekste in tale anders as Engelse bestaan.

## VERWYSINGS

- Alcaraz Varó, E. 008. Legal translation. In: Gibbons, J. & Turell, M.T. (eds.). *Dimensions of Forensic Linguistics*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company: 95-111.
- Asensio, R.M. 2003. *Translating Official Documents*. Manchester/Northampton: St. Jerome Publishing.
- Bhatia, V.K. 1983. Simplification v. easification – The case of legal texts. *Applied Linguistics*, 4(1): 42-54.
- Bhatia, V.K. 1993. *Analysing Genre: Language Use in Professional Settings*. London: Longman.
- Bhatia, V. 1994. Cognitive structuring in legislative provisions. In: Gibbons, J. (ed.). *Language and the Law*. London/New York: Longman.
- Bell, R.T. 1991. *Translation and Translating: Theory and Practice*. London/New York: Longman.
- Cao, D. 2007. *Translating Law*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd.
- Charrow, R.P. & Charrow, V. 1979. Making legal language understandable: A psycholinguistic study of jury instructions. *Columbia Law Review*, 79: 1306-74.
- De Beaugrande, R.A. & Dressler, W.U. 1981. *Introduction to Text Linguistics*. London: Longman.
- Du Plessis, T. 1999. The translation and interpreting scenario in the new South Africa. In: Erasmus, M. (ed.). *Liaison Interpreting in the Community*. Pretoria: Van Schaik.
- Felker, D.B., Pickering, F., Charrow, V.R., Holland, V.M. & Redish, J.C. 1981. *Guidelines for Document Designers*. Washington: American Institutes for Research.
- Garzone, G. 2000. Legal Translation and Functionalist Approaches: a Contradiction in Terms? [Available Online]: <http://www.tradulex.org/Actes2000/Garzone.pdf>. [Date of access]: 2009/10/28.
- Gibbons, J. 1994. *Language and the Law*. London/New York: Longman.
- Gibbons, J. 2001. Revising the language of New South Wales Police Procedures. *Applied Linguistics*, 22(4): 439-469.
- Gibbons, J. 2003. *Forensic Linguistics: An Introduction to Language in the Justice System*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Gibbons, J. & Turell, M.T. (eds.). 2008. *Dimensions of Forensic Linguistics*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Hartnett, C.G. 1998. *English Nominalization Paradoxes*. Paper presented at the Linguistic Association of the Southwest Conference, Tempe, AZ, October 9-11.
- Hjort-Pedersen, M. & Faber, D. 2001. Lexical ambiguity and legal translation: A discussion. *Multilingua*, 20(4): 379-392.
- Kimble, J. 1992. Plain English: A Charter for Clear Writing. *Thomas M Cooley Law Review*, 9(1): 1-58.
- Krongold, S. 1992. Writing laws: Making them easier to understand. *Ottawa Law Review*: 495-581.
- Llopis, M.A.O. 2007. The untranslatability of law? *European Journal of English Studies*, 11(1): 17-28.
- Mellinkoff, D. 1963. *The Language of the Law*. Boston: Little, Brown and Company.
- Mellinkoff, D. 1982. *Legal Writing: Sense and Nonsense*. St. Paul: West Publishing Company.
- Munday, J. 2001. *Introducing Translation Studies. Theories and Applications*. London: Routledge.
- Newmark, P. 1988. *A Textbook of Translation*. New York: Prentice Hall.
- Nord, C. 1991. *Text Analysis in Translation*. Amsterdam/Atlanta: Rodopi.
- Pommer, S.E. 2008. No creativity in legal translation? *Babel*, 54(4): 355-368.



- Šarcevic, S. 2000. Legal translation and translation theory: a receiver-oriented approach.  
[Available Online]: <http://www.tradulex.org/Actes2000/sarcevic.pdf>. [Date of access]: 2009/11/25.
- Schroth, P.W. 1986. Legal translation. *Am. J. Comp. L. Supp.*: 47-65.
- Tiersma, P.M. 1999. *Legal Language*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Tiersma, P. 2008. The nature of legal language. In: Gibbons, J. & Turell, M.T. (eds.). *Dimensions of Forensic Linguistics*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company: 7-25.
- 

## **OOR DIE SKRYWER**

**Eleanor Cornelius**

Departement Linguistiek en Literatuurwetenskap  
Universiteit van Johannesburg  
Posbus 524  
Auckland Park  
2006  
E-pos: [eleanorc@uj.ac.za](mailto:eleanorc@uj.ac.za)